NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 17 – Uitgawe 12
18 April 2024

# Ons is in Suid-Afrika, maar ons is nie soos Suid-Afrika nie

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Dat baie dinge baie skeefloop in ons pragtige land, is 'n feit. Dat daar baie probleme is met die infrastruktuur in die land, kan niemand ontken nie. Dat dit wil voorkom asof meer dinge stukkend is en stukkend bly as wat daar dinge is wat reg is en reg loop, is nie swartgalligheid nie, dis 'n realiteit. Maar daar is 'n ander kant ook. Ek wil probeer verduidelik.**

Ek word gevra om die begrafnisdiens te doen van die moeder van mense in die gemeente waaraan ek gekoppel is. Die diens moet plaasvind in 'n Wes-Transvaalse myndorp, want dis waar die tannie se man begrawe is. Ek ry die dorp binne. Op die oog af lyk alles skoon en netjies, maar hier en daar sien 'n mens 'n huis wat 'n laag verf kort, 'n heining wat so 'n bietjie skeef hang.

Die kerkterrein is baie netjies, die kerkgebou word goed in stand gehou, die koster en die dominee is vriendelik. Alles wat moet werk, werk en die diens verloop sonder enige probleme.

Ons vat die pad begraafplaas toe. Ek val kort agter die lykswa in die stoet in, want ek het nie 'n idee waarnatoe om te ry nie. Ons ry 'n ent uit die dorp uit en draai af by 'n paadjie. Aan die een kant van die pad is daar 'n mielieland, aan die ander kant 'n laning statige bome. Die lykswa, wat so drie karre voor my ry, begin beweeg asof dit bestuur word deur iemand wat baie diep in die bottel gekyk het, maar die slingery, kom ek gou agter, is om die slaggate in die pad te probeer vermy. Na 'n tydjie gaan dit beter, want nou ry die stoet nie meer op die teerpad met die slaggate nie, maar op 'n tweespoor-grondpaadjie wat langs die teerpad uitgery is.

Ons kom by die ingang van die begraafplaas. Daar staan twee strukture wat eens hekke aan hulle gehad het, maar nou net eensame pilare is. Volgende is daar 'n murasie wat seker eens die ontvangskantoor was. Daar is nie 'n dak, 'n deur of 'n venster te sien nie. Verderaan is daar nog 'n struktuur wat kaalgestroop is van alles, behalwe van die bordjies wat wys dat dit die mans- en damestoilette was.

Die gras staan meer as 'n meter hoog. Dis lanklaas gesny. Naaste aan die ingang steek daar nuwer grafstene tussen die gras uit. Die vanne op die grafstene dui aan dat die begraafplaas deur al die bevolkingsgroepe in die land gebruik word.

Ons hou stil by die ouer deel van die begraafplaas. Daar is 'n oop graf en rondom die graf is die gras mooi kort gesny. Ek handel die formaliteite by die graf af en staan 'n bietjie terug. Die familie kom nader. Met groot teerheid sit hulle eers 'n stuk skadunet oor die kis, toe 'n blink sinkplaat bo-op die skadunet. Die mans trek baadjies uit en gooi eers skoon riviersand in die graf voor hulle met die hoop rooi Wes-Transvaalse grond begin. Dis warm en die manne sweet.

Daar was, en ek noem dit doelbewus, vyf swart mans onder die rougangers. Almal netjies geklee in pakke, duidelik werkkollegas van een van die kinders. Een vir een staan hulle nader. Soos die ander mans moeg raak, vat een van dié vyf 'n graaf oor. Een gee 'n graaf vol grond aan vir een van die kinders om in die graf te gooi, 'n ander langs die graf kry sy graaf by 'n ander een van die kinders. So werk almal saam in 'n respekvolle stilte om met groot eerbied hierdie laaste taak af te handel.


Ek kyk hierna en ek dink by myself: Daar is dalk min dinge wat nog ordentlik werk in Suid-Afrika, maar ons, die mense in Suid-Afrika, ons kan dit regkry om te werk en saam te werk. Ons is dalk in Suid-Afrika, maar ons is nie soos Suid-Afrika nie.

**Ds Etienne Fourie**
**Emeritus en subredakteur: *Die Hervormer* en *Blitspos***

## Lief en leed

- Ons dink aan ons lidmate wat gesondheidsprobleme ondervind: onder andere **oudl André Pieterse** van die Kommissie van die AKV **se vrou** wat 'n voetoperasie ondergaan het. Mag dit gou baie beter gaan!

- Ons deel ook graag in die vreugdes van ons lidmate: **Ds Henk en Trudie Joubert** van Welgelegen-Pietersburg **se kleindogter** is onlangs gedoop; sy is die dogtertjie van voormalige Hervormde predikant ds Joleen Marx en haar man, Johan. **Ds Peet Esterhuizen** (emeritus) het **sy en Sonja se derde kleinkind** gedoop. **Dr Frikkie Labuschagne se dogter Joanica** het verloof geraak. Baie geluk aan almal!



Ds Kotie Mc Donald



Ds Elsie Pretorius

- By die dankbetoonskrywes oor die nuwe emeriti in vanjaar se *Almanak* word gestel dat **ds Kotie Mc Donald** die tweede vrou, ná prof Yolanda Dreyer, was om as predikant in die Hervormde Kerk toegelaat te word. **Ds Elsie Pretorius** was egter die tweede vrou wat toegelaat is. Sy is op 10 Junie 1984 georden en ds Mc Donald op 24 Junie 1984. Sy wen ds Kotie dus met twee weke! Ds Pretorius is die eerste vroulike predikant wat emeritaat aanvaar het, in Junie 2014. Ons plaas graag die korrekte inligting!

- **Die volgende predikante verjaar tot 26 April, en word hartlik geluk gewens:**

  - Donderdag 18 April: Ds JH (Hennie) Engelbrecht (34) (Derdepoort)
  - Vrydag 19 April: Ds PJ (Pierre) Jacobs (64) (Outeniqua)
  - Sondag 21 April: Dr JA (Kobus) van Biljon (79) (emeritus) en ds EJA (Edzard) van Baalen (58) (Parkrand)
  - Dinsdag 23 April: Di F (Francois) Evert (62) (Declercqville/Hartbeesfontein) en CJH (Casper) Steenkamp (69) (emeritus)
  - Woensdag 24 April: Ds HP (Herman) van den Berg (64) (Elandspoort)
  - Donderdag 25 April: Prof AG (Andries) van Aarde (73) (emeritus) en dr WAJ (Wimpie) van Schoor (61) (Primrose-Oos)
  - Vrydag 26 April: Ds HPF (Paul) Kern (72) (emeritus)

## Gemeentes en bediening

- Enige saak wat volgens die Kerkorde onder die aandag van die **Moderamen** gebring moet word, moet mev Karen Breedt (**karen@nhk.co.za**) asseblief **teen 29 April** bereik **vir 10 Mei** se Moderamenvergadering. **Geen laat sake** sal in die agenda opgeneem word nie.

- **Leef jou lied: Feeskonsert.** Ter herdenking van die eerste Protestantse liedboek 500 jaar gelede en die eerste Afrikaanse liedboek 80 jaar gelede, word daar op **Sondag 28 April om 15:00** 'n groot feeskonsert gehou as deel van die Hervormde Kerk se viering van die twee geleenthede. Dit vind plaas by **Gemeente Pretoria-Oos**. Daar sal samesang wees saam met die orrelis Pieter van den Berg, 'n koperblaas- en houtblaas-ensemble onder leiding van Braam van Tonder, en 'n koor onder leiding van Gideon Els. Die spesiale feeslied wat vir die historiese geleenthede geskryf is, sal ook saamgesing word. Vir kaartjies, kontak gerus vir Pieter by 072 041 3954.




- **Gemeente Potchefstroom-Studente** het 'n **vakante voltydse werkruimte** beskikbaar. Predikante wat belangstel om in die gemeente te dien, kan hul kontakgegewens en 'n kort CV **voor 19 April 2024** stuur aan die skriba van die gemeente, Aubrey Golightly. Sy e-posadres is **Aubrey.golightly@nwu.ac.za**. Die kerkraad behou steeds die reg voor om 'n predikant te beroep wat nie van die geleentheid gebruik gemaak het om aansoek te doen nie.

- **Werkruimte vir deeltydse bediening: Gemeente Meyerton.** Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde predikante van die NHKA of die NG Kerk om die werkruimte te vul na die siekte-emeritaat van die vorige predikant.

  **Gemeente:** Die erediens en suiwer Woordverkondiging staan sentraal in die gemeente. Kontak met die lidmate en huisbesoek is baie belangrik. Die gemeente reik ook uit na die gemeenskap met verskillende projekte. Die gemeente is 74 jaar oud en het 135 belydende lidmate en 30 dooplidmate. Die kerkgebou is in Meyerton (op die hoek van Reitz- en Holidaystraat). Die pastorie is tans nie beskikbaar nie.

  **Vergoeding:** Die gemeente kan die predikant vergoed met ’n totale pakket van R270 000 per jaar.

  **Leraarsprofiel:** Die leraar moet lief wees vir die Here en sy kerk. Die Hervormde identiteit en etos is vir die gemeente belangrik.

  **Aansoeke sluit op 31 Mei 2024.** Aansoeke moet vergesel wees van ’n CV en ’n kort verslag van die kandidaat se VBO-krediete. Met ontvangs van die CV sal ’n vraelys aan u gestuur word. Die vraelys moet eerlik en sorgvuldig ingevul word. Dit moet per e-pos gestuur word aan die skriba (Sollie Benson) by **solliebenson0@gmail.com.** Enige ander navrae kan ook aan hom by 082 686 5949 gerig word. Aansoekers moet beskikbaar wees om ’n erediens by die gemeente te kom lei. Alle aansoeke word vertroulik hanteer. Die kerkraad is nie verplig om een van die aansoekers te beroep nie.

- **Ds André Oberholzer van Gemeente Witbank-Noord** vra of daar nie iewers in die Kerk of by gemeentes **’n kanselkleed (of ’n reeks klede)** rondlê wat nie meer gebruik word nie. Hulle wil graag hul kanselkleed vervang met ’n nuwe, selfs ’n meer moderne, kanselkleed. Indien daar iewers ’n kleed of klede beskikbaar is wat geskenk kan word, sal dit werklik waardeer en gebruik word. Kontak ds Oberholzer by 082 640 0213.

## Vergaderings

- Vrydag 26 April: Oudit- en Risikokomitee

## Kerklike publikasies







- Die **April 2024-uitgawe van *Die Christelike Vrou*** is propvol artikels en skop af met **ds Hannelie Botha** se redaksioneel *Val en opstaan*, gefokus op die NHSV tema vir 2024. NHSV Mosselbaai se uitreik na ’n laerskool in hul omgewing word deur **Giesela Schwarzer,** voorsitter NHSV Mosselbaai, toegelig met haar vertelling en hul lidmate se belewenis met die uitreik. **Elsie Slabbert,** voorsitter NHSV Oos-Kaap-streek, deel die NHSV Oos-Kaap se ervaring en hoogtepunte tydens die eerste streekkongres vir 2024. *Die reis om ’n besigheid te begin* word toegelig deur **Antoinette Scott**, lidmaat van Gemeente Worcester, met haar keuse om ’n entrepreneursbesigheid te bedryf en haar passie uit te leef. Ten slotte vertel **Lorma Janse van Rensburg,** jong belydende lidmaat van Worcester, hoe die

spreekwoordelike reisgogga hul drie susters gebyt het, en sy deel interessante feite van hul oorsese reise in *Twee susters op toer*. Volg die skakel **https://nhsv.org.za/publikasies/** na ons NHSV publikasies.




## ’n Gedig

**Geilgroen verlore**
(Ode aan die boere wat ’n misoes beleef)

Waar is die eens geilgroen lande heen,
nou bleekwit verbrand deur son
en skrapse reën?
Net klein, wit-pienk kosmosstand
bring, asof skuldig-skaam,
bietjie troos vir ’n dorre land,
terwyl groen bossies sojaboon
die hoopvolle arbeider met skrale oes beloon.

Tog, daar lê ’n nuwe toekoms voor.
Ons gee mos nie op,
ons staan g’n moedverloor.
Op knieë moeg en hande saam,
smeek ons Heer, om Vadersnaam:
Gee dat ons lande weer geilgroen staan.

**Ds Fanie Naudé, emeritus/Greylingstad**
(25 Maart 2024)

***  Sondag 21 April is Biddag vir die Gesaaides en Dankdag vir die Oes

## Toerusting



- **Sentrum vir Geloof en Gemeenskap: UP Fakulteit Teologie en Religie**
  **Saam met Excelsus en die NHKA**
  ***Seminaar met prof Gordon Mikoski***
  **Dinsdag 23 April** van 09:00 tot 13:45
  **NGK Stellastraat Brooklyn**
  **Woensdag 24 April** van 09:00 tot 13:45
  **St Michaels Anglikaanse Kerk Weltevredenpark**
  *Christian Education: Our Calling and Commission*
  Koste: R175
  Navrae: **Lance.thomas@up.ac.za**




- **Die Dameskring** is 'n Christelike organisasie wat groot waarde heg aan die behoud en versterking van die gesin. Sedert 2019 word 'n **Biddag vir Gesinne** jaarliks aangebied as een van die nasionale projekte van Die Dameskring. Hulle wil graag die Christengemeenskap in Suid-Afrika inspireer om weer in 2024 saam te kom om by 'n spesiale geleentheid te bid vir kerngesonde gesinne wat geestelike en morele waardes uitleef. Hulle sou graag wou meehelp dat hierdie geleentheid jaarliks deel van gemeentekalenders sal word. Die Biddag vir Gesinne, geïnisieer deur die uitvoerende bestuur van Die Dameskring, vind vanjaar plaas op **12 Mei**. Op 12 Mei wil hulle saam met gesinne kniel om te bid vir eie gesinne, vir die herstel van gesinswaardes, vir heling van gebroke gesinne, dat God ons kinders met wysheid sal seën om in uitdagende tye goeie besluite te neem, en vir die bewaring van die huwelik. Besoek **www.dameskring.co.za** vir meer oor Die Dameskring.

## Barmhartigheid

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks** vir bejaardes in **Brooklyn, Pretoria,** beskik oor die volgende:

  - Tweeslaapkamer-woonregeenheid beskikbaar by Frans Boshoff teen R465 400.
  - Eenslaapkamer-huureenheid beskikbaar by Huis MacIntosh teen R5 330 (krag ens uitgesluit).

  Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Yvonne Willemse of matrone Jenny Wesson by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

  - Eenslaapkamer: R515 000
  - 1½-slaapkamer: R520 000
  - Tweeslaapkamer: R560 000

  Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 of 083 308 0520 (08:00-12:00) vir meer inligting.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. Deposito van twee maande huur betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangs-beheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Fondsinsamelings

- **Gemeente Welgelegen-Pietersburg: Maanligmark**
  **Vrydag 26 April van 16:00 tot laat**
  Gratis ingang
  Stalletjies, eet- en drinkgoed, musiek
  Kattebakverkoping
  Kaartfasiliteite beskikbaar
  Navrae oor stalletjies: Elize 071 684 7803
  Navrae oor kattebakverkoping, parkering, ens: Jonita 082 854 3897

- **Gemeente Oos-Moot: Magaliesfees**
  **Woensdag 1 Mei van 08:30 tot 14:00**
  *Vanuit die duister na die lig*
  Collinslaan 1265, Moregloed
  MC en kunstenaar Gary Forwood
  Stalletjies, eetgoed, kompetisies
  Kredietkaartfasiliteite beskikbaar
  Kom sny en kleur jou hare vir pleegsorg (R50)
  Wen **jagpakket** ter waarde van R26 600
  As jy nie self kan jag nie, stuur ons ’n jagter saam met jou!
  Skryf vooraf in @ R200 per trekking (trekking 1 Mei om 12:00)
  Kontak Philip van den Heever 083 384 3263
  Navrae oor die fees: Andries Pretorius 081 466 8691

- **’n Stukkie Marico Bosveldjuweel te koop**
  **Ten bate van NHKA Groot Marico**
  14,2 hektaar, spruitoewer-eiendom
  Gerieflik toeganklik vanaf N4
  Twee boorgate, een toegerus, sementdam
  Huise bouvallig, geen ESKOM
  Prys R1 550 000.00 onderhandelbaar
  Skakel Boet Nel by 083 700 9751

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Studentesake

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur ’n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur ’n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste van advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal. Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van **produksie@nhk.co.za**.

## Gebed vir ons boere

Heer,
U het hierdie wêreld en alles daarin geskep.
Ons dank U vir die boere wat ons voedsel produseer,
en ons dank U vir die grond, die sonskyn en die reën
wat U voorsien
sodat daardie voedsel kan groei.
Mag ons nooit vergeet nie
dat U die bron is van alle goeie dinge.

Wees ook met die kleinboere oral in die wêreld
wat worstel om hul gesinne te onderhou.
Wees U vir hulle ’n bron van hoop
wanneer hulle die grond voorberei,
wanneer hulle plant en saai,
en wanneer hulle die oes insamel.

Help ons om saad van u hoop te saai
deur alles wat ons doen en deel.
In Jesus se Naam, amen.

DeanH155
powershow.com
PPT Prayer for Farmers

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)

Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk